**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.

Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXXI NOMMER 2 VRYDAG, 27 FEBRUARIE 1976

**PUKKE!**

vir al u kleurbaadjies

**Johan Claassen Broers (Edms.) Bpk.**

Tel. 3612, POTCHEFSTROOM.

Kerkstraat 92.

Tak: Tomstraat 100.

# TOEGEWING VIR DIENSPLIG

DIE Rektor, prof. H. J. J. Bingle, het die afgelope maand soos volg oor verpligte, verlengde militêre diensplig wat deur studente van die Potchefstroomse Universiteit gedoen word, beslis:

- Dat geen studente wat opgeroep is vir verlengde verpligte militêre diensplig sover dit eksamens, inskrywings of klasbywoning gepenaliseer moet word nie.
- Studente wat opgeroep is, moet die nodige bewys aan die Administrasie lewer waarna met die betrokke departement reëlings getref sal word in verband met die laat-aflegging van aanvullingseksamens (± middel April).
- Studente wat in die loop van die jaar vir drie maande opgeroep word sal nie gepenaliseer word in verband met die regulasie van ten minste 60 persent klasbywoning nie.
- Om enige misverstand of onreëlmatighede te voorkom, moet die skriftelike toestemming in alle gevalle van die Registrasie- en Eksamenafdeling verkry word.



Dr. J. de Klerk, Kanselier van die P.U. vir C.H.O.

# Kanselier: ons moet na buite leef

**DIE tema van Oud-Senator Jan de Klerk by die amptelike opening van die 1976 akademiese jaar was dat die universiteit na buite diens moet lewer.**

In sy openingsrede op Vrydag 13 Februarie om 19h30 in die Totiussaal het Dr. de Klerk die Kanselier van die P.U. vir C.H.O., baie klem gelê op die middelpuntvlietende van die universiteit. Dit beteken dat die universiteit na buite moet werk en sy diens en invloed laat uitkring na ander fastte van die lewe, waaronder die belangrikste:

- Godsdiens en kerk in die breë sin.
- Arbeid en ekonomie.
- Politiek.
- Georganiseerde kultuur.
- Kommunikasiemedia.
- Kuns.

Ewe-eens moet die sewende faset naamlik die wetenskap die volle aandag van die universiteit as opvoedkundige inrigting geniet en vind dat aansluiting by al ses voriges.

In wese kom dit daarop neer dat die universiteit wat te midde van die gemeenskap moet diensbaar wees. Die hele universiteit is volgens Dr. de Klerk betrokke by hierdie dienslewering. Dit beteken met implikasie ook elke student.

Ten slotte het Dr. de Klerk 'n sterk appèl op beide die Teologiese skool en die universiteit gemaak om hulle talente ook aan ons volk te gee, te publiseer en hulle navorsingswerk tot diens van die hele Suid-Afrika aan te wend.

(Hierdie oproep van die Kanselier van ons universiteit raak dus elke student ten nouste. Ook die student het gevolglik 'n groot taak en verpligting teenoor die gemeenskap en ons land as sodanig. Dr. de Klerk, baie dankie vir u gepaste woord!)




Hierdie week begin WAPAD met 'n splinternuwe reeks: Oppie Plaas. U sal nog baie lief raak vir hierdie klompie se eskapades! Die eerste van die reeks begin elders in hierdie uitgawe.

# Pukkampioen oorlede

**EEN van die land se belowendste fietsryers is vroeg Saterdagoggend in die Klerksdorpse hospitaal oorlede nadat hy kort na 23h00 Vrydagnag deur 'n motorfiets raakgery is op die hoek van Neethlingstraat en Roscherstraat in Bailliepark.**

Adriaan Stephanus Rootman, bekend as Adri, was 'n liggaamlike opvoedkundestudent in sy tweede jaar aan die Potchefstroomse Universiteit. Hy was Vrydagaand by die Universiteit met die inlywingsaktiwiteite van die eerstejaars besig.

Die nasionale junior fietsrypadkampioen was op pad terug na sy huis en het glo by 'n geselligheid stilgehou en gevra of sy broertjie, Steffie, daar is. Toe hy verneem dat Steffie, wat pas sy verpligte militêre opleiding voltooi het, nie by die huispartytjie is nie, het Adri dit verlaat.

Hy het glo oor die straat gestap toe hy by sy motor deur die motorfiets getref is. Hy is onmiddellik na die Potchefstroomse hospitaal gebring en oorgeplaas na die Klerksdorpse hospitaal, waar hy oorlede is.

Adri was die huidige junior padkampioen, 'n wedren wat oor 100 km beslis word. Verlede jaar het hy Junior Springbok geword in 'n reeks teen Rhodesië in Bulawayo. Met 'n byeenkoms in Rhodesië het hy drie rekords opgestel.

In 1973 was hy skoolseun-liga-kampioen in Wes-Transvaal en in daardie jaar het hy ook die Grand Prix vir skoolseuns gewen.

Adri het baie jare as junior vir Wes-Transvaal deelgeneem en ook vir die Wes-Transvaalse ope-span gereeld deelgeneem aan baanbyeenkomste.

Adri was bemind onder die jong mense. Hy was aktief in die KJV aan die N.G. Kerk Vyfhoek, die kerk waaruit hy Dinsdag om 14h30 begrawe is. Hy was ook Sondagskoolonderwyser.

Namens die WAPAD en alle PUKKE wil ons Adri se ouers en familie verseker van ons simpatie.

(Erkenning aan die Potchefstroom Herald).



Adri Rootman met een van die vele trofees wat hy ontvang het.

VIR VOLLEDIGE INLIGTING OOR DIE STUDENTELEWE RAADPLEEG DIE

**1976**

**Puk-sakboekie**




ONS KEN U BENODIGDHEDE

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS

Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377

**STUDENTE APTEEK**

—WP





Fanie Jooste, nagraadse musiekstudent.

LINKS: Die Jill van „Four Jacks and a Jill" verlede Saterdagaand.

# HULP IN S.W.A.

**DRIMIOPSIS is een van die belangrikste punte in die Sendingaktiwiteite van die Gobabis-omgewing. 'n Groot groep Korpslede het net na die afloop van die eksamen saam vertrek na Suidwes, waar hulle op hierdie grond — waarop reeds 'n skool en koshuis opgerig is — verder hand bygesit met die uitbreiding daarvan.**

Ongeveer die helfte van die groep het hulle beywer om te help met die sendingwerk deur op die verskillende plase, tuis te gaan en daagliks katkisasiekiasse te gee.

Die toergroep is uit Potchefstroom weg met twee busse en die reis het glad afgeloop onder die bekwame leiding van Nico de Kock. Op pad is daar aangegaan by die Visrivier afgronde en die Vingerklip naby Keetmanshoop. By laasgenoemde natuurwonder het die klomp vir die eerste keer kennis gemaak met die grootse stilte van die uitgestrekte vlaktes van daardie landstreek en elkeen 'n vrede ervaar wat nooit weer geewenaar sal word nie.

Daar is in die versengende hitte op Drimiopsis afgepak waar die groep tuisgegaan het in die huis van mev. Alida Biewenga.

In die volgende dae is daar gebou en gewerskaf op die skoolterrein terwyl die skoner geslag gesweet het voor die koolstoof. Met die grawe van 'n gat het die mans op 'n klipplaat afgekom en moes daarna vir die eerste keer bewondering begin koester vir die klipgrawers.

Die skoolgebou is buite gepleister en die badkamers van die skoolkoshuis is voltooi. Sommige het die laaste nag deurgewerk, en kan met trots sê dat dit wat beoog is afgehandel kon word. Die watertenk het hoog getroon met die vertrek. Daar is ook ,prefab' vertrekke vir die skoolhoof opgerig. Laasgenoemde wou graag 'n groen huis hê en sy vrou weer 'n pienkkleurige woonplek sodat albei kleure gebruik is en die resultaat mens baie herinner aan 'n inkleurprent in die Jongspan!

Die klomp het ook konsert gehou tot die Gobabis mense se grootste plesier. Latente talent het tot volle blom gekom en elkeen het op een of ander manier bygedra om van die amateurpoging 'n sukses te maak.

Tydens 'n kort praatjie deur die Rooi dominee of liewer ds. Van der Westhuizen, sendingleeraar van die Gobabis gebied het mens te wete gekom van die grootse taak en taile probleme wat daar ontstaan met dié roeping.

In daardie deel van Suidwes is die Boesmans nie meer so wild as in die reservate nie. Dit is 'n voordeel vir die sendingwerk omdat hulle los geraak het van hulle tradisionele godsdiens.

Hulle siening van God verskil van groep tot groep omdat hulle saam in familiegroepe in die veld beweeg. Die groepe het dan elkeen 'n afgebakende jaggebied en sien almal buite die gebied as vreemdelinge en het ook geen kontak met hulle nie. Onder hulle kom die aanbidding van die maan voor, omdat dié nie so onvriendelik is soos die son wat mens wil doodbrand nie. Die son is ook die rede vir die skaarste aan water omdat dit die panne en riviere opdroog. Die Boesmans het al baie gedigte aan die maan opgedra. Hieruit kan afgelei word dat hulle wel 'n onderskeid tref tussen 'n goeie en 'n slegte God. Hulle woon ook nie bymekaar nie — die een in die weste en die ander in die ooste.

Hulle glo dat die siel van die voorvader na die dood bly voortleef en kan kwaaddoen, maar hierdie voorvaderaanbidding kom nie so sterk voor soos by die Bantoe nie. Die gedagte van die dood daarenteen is baie sterk, want afgestorwenes word met wapens en besittings begrawe.

Die beskaafde Boesman het 'n vae herinnering van hierdie godsdiens en is oorywerig om meer te leer van die sendelinge. Vir die sendeling het dit probleme, want die Boesmantaal is baie arm aan abstrakte terme soos haat en liefde. Hulle probeer dit aan die hand van natuurverskynsels verklaar. Vandag kan die Gereformeerde kerk reeds van twaalf wyke in daardie distrik praat, wat die noodsaaklikheid van die stigting van gemeentes daar nodig maak.

Vorster en Salome Combrink het as reisouers saam met die groep uitgekamp. Vorster het dit ook op hom geneem om die Bybelstudie oor Filipense te reël sodat elkeen ook geestelik kon baat by die uittog.

As mens een van die hulpprojek-mense op die kampus raakloop raak jy stil, want dan dink jy aan daardie land waar die son so met oorgawe ondergaan (soos hy bedags ook met oorgawe mens probeer doodbrand); jy onthou daardie stil aande langs die kampvuur as Evantus saggies op die kitaar tokkel en saamsing; of jy dink aan die vreugde wat mens ervaar om so in die veld te werk . . . Hierdie herinneringe het 'n band gesmee en ook gesorg dat die hulpprojek een van die onvergeetlikste herinneringe van studentwees is!

**WESVALIA BOEKHANDEL**

ONS HET NET
WAARNA U SOEK

KOM OORTUIG USELF

Posbus 20060
Tomstraat 84 Tel. 6660
POTCHEFSTROOM

—WP

# STUDENTEMENING

**STUDIE. — Ons staan weer aan die begin van 'n nuwe akademiese jaar vol uitdagings. Die akademie gaan hierdie jaar ook weer baie van ons tyd in beslag neem.**

Kom ons kyk weer 'n oomblik na die akademiese opset soos ons dit ken. Reeds van die eerste skooljaar af is die verstand die bepalende faktor vir die toekoms. As iemand iets vinnig kan snap en goed kan onthou, is daar (so sê ons) vir hom 'n toekoms. As hy 'n hoë I.K. het, styg sy aansien dadelik. So word dwarsdeur die skooljare gesif totdat die „universiteitstudentegroep" gevorm is o.g.v. hul akademiese prestasie. En steeds op universiteit word daar maar altyd gevra: „Hoe lyk jou jaarpunte?". „Hoe vorder jy met die akademie?"

Omdat die akademie juis so 'n belangrike element van die lewe is, is dit nodig om te besin oor die nodigheid en die doel daarvan. 'n Mens sien dikwels op baie studente se gesigte die frons wat getuig dat die akademie maar 'n noodsaaklike euwel is. Ons moet eendag 'n betrekking beklee om geld te verdien om vir onsself en 'n huisgesin te sorg, en daarvoor het mens die akademiese kwalifikasie nodig. Maar dit is tog nie al nie!

Met ons kennismaking van Christelike wetenskap kom daar 'n nuwe dimensie by wat nie so duidelik sigbaar was in die voorafgaande, oorwegend neutrale onderrig in die skole nie. Die sin van 'n vak en die studie daarvan strek meteens veel dieper, want as studie deel vorm van jou roeping as Christen in hierdie wêreld, kry dit ontsaglike waarde.

Ons as Christen-studente het almal vergesigte oor hoe om eendag in 'n bepaalde beroep te staan en aan ons Christelike roeping te beantwoord.


Ons hoop om in die toekoms as die geleerde deel van ons volk in ons beroepe die evangelie van Jesus Christus saam met ons kennis uit te dra, en ons verstand en kragte aan te wend tot die eer van God. Ons dink oor hoe ons ons kennis op verskillende terreine gaan toepas en gaan meehelp tot die opvoeding van kinders en in die algemeen ook ons volk. Ons besin oor die besondere wyse waarop ons dit sal wil doen. Dit hoort so en is goed so.

Laat ons ook onthou dat die voorbereiding vir „eendag" net so belangrik is. As ons ons nou voorberei vir ons roeping in die toekoms, is ons ook nou reeds besig om aan ons roeping te beantwoord. En in hierdie voorbereiding smaak ons reeds die blydskap wat ons later in ons beroep ook sal ondervind — blydskap om te studeer met dankbaarheid vir ons talente en voorregte, met roepingsbewustheid, met volharding en 'n wonderlike afhanklikheid van Hom.





Prof. Tjaart van der Walt tydens verlede Saterdagaand se kaas-en-wyn.

## Oppie plaas






Voor die konsert, wat die Pukke vir die Suidwesters aangebied het, voer 'n paar mans hier mannewales in Gobabis se strate uit as 'n reklamepoging om die mense te trek (Foto: Hendrik Helberg.)



# Fotografiese Vereniging beoog groot dinge

**HIERDIE profielfoto deur André Joubert van die Fotografiese Vereniging is 'n goeie voorbeeld van die interessante foto's wat deur die lede van hierdie Vereniging geneem word.**

Nuwelinge en leke is hartlik welkom om by hulle aan te sluit. Dinsdagaand 2 Maart is daar om 07h45 in die Fisiologiegebou 'n vergadering spesiaal vir nuwelinge. Daar word beplan om hulle in groepe in te deel en dan onder toesig van groepsleiers die basiese tegnieke in die donkerkamer te leer.

Kennis van fotografie is dus glad nie 'n vereiste nie.

Die Vereniging het ook groot planne vir die res van die jaar, en hou reeds Vrydag 5 Maart 'n braaivleis. Hulle beplan om gedurende die Aprilvakansie see toe te gaan en foto's te neem van die see en van die natuur by Kaap Vidal.

Belangstellendes kan vir André Joubert by Tomstraat 38 kontak indien verdere inligting verlang word.

# THALIA LAAT WAAI

**DIT lyk asof 1976 'n groot jaar vir Thalia kan word, want hierdie amateurtoneelgeselskap is weer eens terug op die ou bekende paaie van die komedie.**

Die stuk waarmee hulle gegaan vermaak, heet Die Gelukkigste Dae van my Lewe. Dit is 'n vertaling deur A. J. B. de Klerk van die Engelse stuk van John Dighton, getiteld, The Happiest Days of Your Life.

Volgens die pasgekose nuwe voorsitter, Chris Swart, is komies byna nie die woord om die stuk te beskryf nie. Wat verwag jy as 'n baie konserwatiewe Seunskool vir 'n onbepaalde tydperk by 'n 'n baie konserwatiewe Meisieskool kom inwoon?

Wat gebeur as die meisies se klere gesteel word terwyl hulle in die swembad is en daar daag ouers op van beide seuns en meisies wat hul kinders kom besoek?

Die bestuur met Anette van den Heever as die nuwe sekretaresse is reeds besig met reëlings vir die genoemde toer na Noord-Transvaal. Die toer sluit hierdie keer ook 'n vakansie by die Eiland in.

Alle belangstellendes kan die keuring vanaf 1 tot 4 Maart in kamer 100 van die Frans du Toitgebou bywoon. Dit begin reeds om 18h00.

# That Skelm Scapino

**TRUK-SPEELWERK beloof om vir 'n aandjie van heerlike vermaak te sorg wanneer hulle op 12 Maart That Skelm Scapino by die Hoër Tegniese Skool op Potchefstroom opvoer.**

Andrew Miller het die oorspronklike Moliére-stuk, Les Fourberies de Scapin, verwerk en by 'n Kaapse omgewing aangepas. Scapino is nou 'n kleurling wat saam met sy maat Siewies, ingespan word om die liefdesprobleme van hul onderskeie werkgewers se kinders op te los.

Scapino werk vir Gerrit, 'n koppige ou man wat 'n vreemde Engels in 'n Afrikaanse idioom praat. Siewies werk op sy beurt vir Arthur, 'n waardige ou kêrel van die koloniale soort. Al die ander karakters is 'n eienaardige spulletjie en vol draadwerk soms, en saam met die oorlamse Scapino se skelmstreke sorg hulle vir baie pret.

Die rol van Scapino word gespeel deur die nuweling Etienne Puren, dié van Siewies deur Peter Terry, en Gerrit en Arthur word onderskeidelik voorgestel deur Alwyn Swart en Robin Malan. Robin Malan behartig ook die regie vir die stuk.

Ander spelers in hierdie pretstuk is onder andere Gart Tuckett, At Botha, Laurika Rauch en Elize Cawood.

Besprekings kan by Pro Rege gedoen word.

# KONSERTPROGRAM VAN KONSERVATORIUM

**Donderdag 26 Februarie:**
Collegium Musicum. **Tweeklavier-uitvoering** Hennie Coetzee, Pieter de Villiers. Werke van Brahms, Liszt, Britten, Rachmaninoff.

**Dinsdag 9 Maart:**
Die Amerikaanse Concord-Strykkwartet van wêreldfaam.

**Donderdag 18 Maart:**
Die gevierdie Engelse sopraan Elizabeth Hawes met Pieter de Villiers aan die klavier.

**Dinsdag 30 Maart:**
Collegium Musicum. **Barokmusiek.** Elsabè van Wyk, van Zyl Hough en Arie van Namen tree onder andere op.

# Welkom Seëlversamelaars

**SOOS verlede jaar beoog die Filatelievereniging weer groot dinge vir hierdie jaar. As 'n beskeie onderliggaam van die Kultuurraad het ons ons reeds as 'n baie lewendige vereniging bewys.**

Omdat ons nie versamelaars van professionele aard is nie, wil ons graag met groot vrymoedigheid ons eerstejaarstudente en ook seniors wat nog nie by ons aangesluit het nie, uitnooi om hierdie jaar werklik daaraan te dink om aan te sluit. Ons wil mekaar graag help om ons versamelings uit te bou, van watter aard dit ookal mag wees. Deur aan te sluit het u ook nouer kontak met ervare seëlhandelaars en versamelaars wat ons al baie behulpsaam in die verlede was.

Ons beplan hierdie jaar, buiten ons gewone byeenkomste waar kennis en stof uitgeruil word, weer 'n uitstappie na Pretoria om die Staatsdrukkery te besoek sook die filateliedienste aldaar.

Ons sal baie bly wees om u by ons eerste byeenkoms te sien. Hou net die kenmerkende seëlvormige plakkaat dop.



**Kobus Delport, S.R.-voorsitter van die Universiteit van Port Elizabeth (U.P.E.).**

# Pottebakkers lewer verrassing

**DINSDAGAAND 24 Februarie het prof. P. W. Buys 'n besonder interessante uitstalling van pottebakkerswerke in die sitkamer van Barnardhuis van die Onderwyskollege geopen.**

Onder die uitstallers was daar die bekende Tim Morris wat algemeen beskou word as een van die beste pottebakkers in die land. Sy werke op die uitstalling het dan ook gewys dat hy hierdie onderskeiding waardig is.

Mnr. Morris het 'n kenmerkende styl en die grysblou en bruin waarvan hy meestal gebruik maak, asook sy oorspronklikheid en suiwerheid van lyn en vorm maak dat sy werk maklik uitgeken kan word.

Dit het dan ook moed en deursettingsvermoë gekos om hierdie perfekte resultate te bereik. Tim Morris het sewe jaar studie in die pottebakkerskuns aan die Universiteit van Oxford in Engeland agter die rug. Hy is nog nie baie lank in Suid-Afrika nie.

'n Ander bekende wat uitgestal het is mev. Anneline Jarim van Meyerton. Mev. Jarim is daarvoor bekend dat haar werk veral deur die hoë lui gekoop word. So het mev. M. Diederichs, eggenote van die Staatspresident, haar byvoorbeeld gevra om vir haar te bak.

'n Tipiese kenmerk van mev. Jarim se werk is die besondere fyn afwerking daarvan. Haar werk is meer in die vorm van porselein en die koppies van haar koffiestelle is byvoorbeeld baie fyner en dunner as dié van die ander stelle op die uitstalling.

Van haar was daar dan die mooiste vase en fyn ornamente wat as versiering vir 'n spieëltafel kan dien.

Onder die ander interessanthede wat op die uitstalling te sien was, het moderne, kleurryke muurbehangsels, klokke, wynkraffies, kershouers, sout-en-peperpotte, sopkom-en-lepel en vase getel. Die mooiste eet- en koffiestelle denkbaar is te koop aangebied.

Benewens pottebakkerswerke is daar ook skilderye uitgestal — waterverfskilderye deur Tim Morris van tonele rondom sy huis by Muldersdrift, asook olieverfskilderye deur die bekende Zakkie Eloff, meestal van diere.

Die uitstalling is gereël deur mev. Jeanette de Klerk. Omdat die belangstelling vir hierdie uitstalling so groot was, beplan sy nog 'n uitstalling by die Universiteit self aan die einde van Maart. Die werke wat uitgestel sal word sal aanpas by die studente se smaak én by hul beursies.

Vir verdere besonderhede of vir bestellings kan mev. Jeanette de Klerk by telefoon 5005, Louis Leipoldtstraat 7, geskakel word.

# PERSPEKTIEF OP KUNSTENAARS

**DIE kultuurraad van die sentrale studenteraad moet geluk gewens word met hulle aanbieding van die sg. „ontheffingsdinee". Met die groot getalle wat die aksie bywoon, het die vorige vorm waarin dit aangebied is heeltemal verouder geraak. Die ontspanningselement is ook na vore gebring deur die optrede van die „Four Jacks and a Jill". Die studentemassa sien uit na ander kunstenaars wat die Kultuurraad hier mag bring in die toekoms.**

**Wat ook waardeer word is dat die organiseerders moeite gedoen het om riglyne aan die kunstenaars te gee. Ongelukkig het van die kunstenaars buite hulle boekie opgetree deur sekere gewaagde grappe, uitlatings ens. Dit is jammer. Die senior Pukke sal hulle nog herinner aan kritiek op verlede karnaval se kunstenaars.**

**Die deursnee student is 'n volwasse mens wat dinge krities kan beluister en beoordeel. Die misnoeë van die gehoor verlede Saterdagaand behoort egter 'n aanduiding te wees dat die Pukke nie deur so iets geteister wil wees nie.**

**Die verskil in siening oor die optrede van sekere mense Saterdagaand dui op die nadenke wat studen wel aan die saak gegee het (vgl. bv. die twee briewe „nie weer nie!" en „swak teateretiket").**

**Die Wapad verwelkom hierdie teenoorstaande standpunte en wil graag as forum dien vir alle verskille.**

**Deurentyd moet egter in gedagte gehou word watter gedagterigting hierdie universiteit inslaan. Dit wil sê die C.H.O. staan met 'n doel daar en moet bespreking van dié aard steeds daardie faset ook vashou. Daar is ruimte vir verskil en sal die Wapad steeds verskillende standpunte weergee.**

**Dit kan egter nie in 'n lugleegte plaasvind nie maar moet êrens 'n ankerpunt hê. Daardie ankerpunt vind ons in die gees van die universiteit soos dit staan in ons leuse: In U Lig.**

# ORIËNTERING

**MET die oriëntering agter die rug kan 'n mens dit rustig evalueer. Objektief gesien kan 'n mens sê: Dit was 'n reuse sukses!**

**Verskeie faktore kon daarin meegewerk het, maar ons sal dit nie hier uitpluis nie. Maar een saak wat baie sterk die fokus moet ontvang is die oorgawe waarmee die betrokkenes deelgeneem het. Van die S.S.R., verby H.K.-lede tot by die jongste eerstejaar het elkeen sy bes gedoen.**

**Die gees was werklik puik en veral die singery van die eerstejaars het die aandag getrek.**

**Die Pukke het weer eens getoon hoe hulle balans kan handhaaf en beheerst kan optree. Op so 'n manier hou ons die oriëntering in ere en in stand!**

# Uit die Woord

*„HIERDIE eerste een van sy tekens het Jesus te Kana in Galiléa gedoen; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo" — (Johannes 2 : 11).*

*1976 het begin. 'n Nuwe jaar lê voor ons en dit is met 'n gevoel van opgewondenheid dat ons daarna uitsien. Dit is dan ook reg, mits ons daarna uitsien met die regte gesindheid. Die gesindheid waarvan die uitgangspunt en doel Jesus Christus is, wat sy heerlikheid aan ons geopenbaar het.*

*In Joh. 2 : 1—11 lees ons hoe Hy water in wyn verander het en daardeur sy heerlikheid openbaar. Die bruidegom op die bruilof in Kana was in 'n moeilike posisie. Die wyn het opgeraak. Sy verleentheid was egter van korte duur. Jesus was teenwoordig en Hy sien die nood raak. Hy laat nie toe dat die wat met Hom is in verleentheid bly voortleef nie.*

*Hier kom dan nou sy heerlikheid tot openbaring. Hy bring deur sy goddelike krag ommekeer in die situasie. Hy laat water in wyn verander. Wyn wat selfs beter is as die vorige wat aangebied is. Die fees kon dus voortgaan.*

*Dit was die eerste wonderwerk wat Jesus gedoen het en dit is dan ook die teken wat aan die begin van Jesus se werksaamheid as 't ware sy hele werkprogram aandui. Waar Jesus Christus kom en waar die Evangelie verkondig word, word alles omgekeer. Leed word vreugde, duisternis word lig, dood word lewe. Dwarsdeur sy omwandeling op aarde sien ons dit.*

*Ook in ons lewens openbaar Hy sy heerlikheid. Hy het ons verlos van die mag van die sonde. Die duisternis van die sonde verander in die lig van die ewige lewe. Verder is Hy ook elke dag by ons om ons te help. In die verlede, toe ons reëlings misgeloop het, het Hy ingegryp en ons daardeur gedra. Deur die Heilige Gees is ons in tye van beproewing opnuut versterk.*

*Ons kan dan hierdie jaar met die regte gesindheid, in volle geloofsvertroue binnegaan, omdat ons weet dat Hy ook ons nood raaksien en ons behoeftes ken. Hy omskep ons leegheid in oorvloed. Dit is dan ook ons roeping om hierdie jaar aan te gryp en te leef soos iemand in wie se hart die predikinge van die Evangelie ommekeer gebring het.*

*Hier op aarde moet ons ook reeds die blydskap van feesgangers openbaar, want vir hulle wat glo, soos sy dissipels geglo het, is daar plek berei aan die tafel van die Hemelse Bruidegom.*

## SAKBOEKIE

DIE 1976 Puk-sakboekie is, soos in die verlede, weer 'n juweel om te besit. Onder die bekwame leiding van die Redakteur Jurjen Suurd het die boekie iets vir elke Puk-student.

Wat veral opval is die kompakte grootte en die fantastiese hoeveelheid inligting daarin vervat — neem bv. die oriënteringsweek waar volledige tye van alle aksies vermeld word. (Om terug te keer na die formaat: Dit pas in enige hempsak of potlood- en pennesakkie).

Die spreuke op elke bladsy doen aangenaam voor en is 'n verkwikking deur al die bedrywighede heen.

Die eerstejaars sal baie baat vind van die sakboekie wanneer hulle die „Bros"-eksamen moet aflê.

Selfs dosente maak met groot vrug gebruik van die Puk-sakboekie.

Die redaksie kan gelukgewens word!

(Daar is nog beskikbaar by die S.SR.-kantoor).

# Nie weer nie!

**GEAGTE REDAKTEUR, — Sprekers, wat 'n totaal ander politieke en lewensbeskoulike standpunt as ons huldig, het al hulle verbasing uitgespreek dat die Pukke hulle kans gegun het om hulle saak te stel. By programvergaderings is daar geen geboe-ery of opmerkings nie, wat so tipies is by enkele anderstalige kampusse. Dis goed so — 'n mens luister en verskil op 'n beskaafde manier as iemand sy eerlike oortuiging reguit en sober kom stel.**

Maar dit gaan my verstand te bowe dat Pukke die blatante smerigheid geduld het, wat verlede Saterdag tydens die eerstejaarsverwelkomingsfunksie uitgebraak is op die verhoog deur een van die ondersteunende vermaaklikheidskunstenaars. Ek verwys na die grappe waarin die Here se naam sommerso gebruik is, seks uitgestal is en soos 'n druppende kraan gespot is met 'n Amerikaner vir wie ons in Suid-Afrika die hoogste waardering het. Ek neem nie soseer die gehoor kwalik nie, omdat dit oorwegend uit eerstejaars bestaan het, wat nie weet dat Pukke so'n iemand baie gou met 'n s-s-s-s van die verhoog af help nie.

Ek (en sekerlik meeste ander Pukke) is nie tevrede met die verskoning wat na die tyd aangebied is nie — waarskynlik nadat van die SSR-lede met die kunstenaars gaan gesels het. Hoekom is die man nie summier gevra om dan maar liewer die verhoog te verlaat nie. Dis geen „teken van volwassenheid" om growwe, onbeskaafde vuishoue te duld en te verdra nie, wat gemik is teen dit wat vir ons dierbaar is.

Dis nie die eerste keer dat sulke beledigings geduld word nie. Verlede jaar is soortgelyke dinge (waaronder openbare liggaamsontbloting) passief aangegaap sodat iemand van 'n universiteit wat ons normaalweg as liberaal tipeer sy kop moes skud en opmerk dat so iets nooit by hulle geduld sou word nie. As dit die patroon is waarop aksies vir ons georganiseer word, Pukke, dan wil ek 'n nuwe patroon sien waarop ons sulke dinge gaan aanhoor. Bring julle ook volgende keer julle vroteiers en tamaties saam — vir ingeval? Dis blykbaar al uitweg. Indien die persoon daar voor beskaafd optree (al verskil hy radikaal van ons), bly alles in my sak — net soos in die verlede. Maar indien meneertjie ons Pukke, ons Afrikaners en ons Here weer beledig, ten spyte daarvan dat vooraf aan hom gesê is om dit nie te doen nie... ek is selfs bereid om te help skoonmaak na die tyd.

Geagte redakteur, ek glo dit sal wees in dieselfde gees as wat Pukke nog twee-drie jaar gelede sou doen.

— Robin Hood.

# Nuwe studentestatus

**GEAGTE REDAKTEUR, — Hoe lank het ek nie uitgesien na 6 Februarie nie: die geboortedag van my studentestatus. Maar nou as ek terugdink... ook die begin van twee weke se bloedsweet, harde bene kou, krokodiltrane huil en geel rokke en blou borslappe.**

My ore het gedurig getuit by die aanhoor van die eienaardige name van die manskoshuise. Hombrè, Caput, Over de voor, Liberalia. My spiere het gedurig gepyn van trappe klim en soggens ses-uur se smarte. My moraal en matriekkompleks was gou daarmee heen.

Die H.K.'s was 'n dosyn amesones wat daarop uit was om soveel doortjies in die kortste moontlike tyd ses voet onder die grond te kry. „Onmenslik", „sadisties" en „kinderagtig" was woorde wat met die grootste selfbejammering elke dag deur die gange gefluister is.

En uiteindelik was een week verby. „Darem nog net een week oor", het ons geblaas en gesteun onder die deftige senior dames se trommels en tasse en blikke en boeke wat ons kamerwaarts moes karwei. So het die langste week in my lewe begin. Oornag het die moordige H.K.'s verander in goeie feë. Alles wat in die vorige week gebeur het, is nou na terug verlang as die „goeie ou dae". Die S.R. onthaal was 'n heuglike herinnering . . . (of was dit net 'n droom?)

Die Seniors was almal uitgehongerde kannibale op soek na sagte „dore-vleis". Die betekenis van woorde soos aaklik, mislik, katterig is gekwadreer om by die verskriklike bende te pas (natuurlik in fluisterstemme, want as hulle snuf in die neus moes kry dat die hans dore sulke byvoeglike naamwoorde met hulle assosieer, sou „papie-sap" ons voorland wees.)

Die laaste dag van die oriën tering, Vrydag, is begroet met die optimistiese opmerking van „erger as kop-af kan dit nie". Tarentaaldag. voortaan sal alle gevleulde diertjies wat daardie naam dra my herinner aan deursigtige voel, honger ly, „ogpoe" drink . . . en die groot verlang huistoe.

Die hoogtepunt van die oriëntering? Saterdag natuurlik! Die dag wat heerlik begin (24h00). Ons moes ons eed aflê en toe ons ons eie dierbare primaria se stem herken het die benouing en spanning van twee weke traan vir traan oor my wange gemors.

Die gehate seniors het geglimlag — kan jy dit werklik glo? Ons was nie meer Dore nie, maar volwaardige, opregte, eerstejaar Pukke. Nooit weer sal die woorde „Dorelied" en „een, twee, drie, . . . smyt hulle uit" vir my bedoel wees nie.

Oriëntering? Dis twee weke van my lewe wat ek nooit weer wil oor hê nie, maar twee weke waarsonder ek nooit sou wou wees nie.

„Door" Estelle van Vergeet-my-nie.

# Swak teateretiket

**GEAGTE REDAKTEUR, — Die Four Jacks and a Jill het verlede jaar die P.U. vir C.H.O. so beindruk dat hulle reeds vroeg hierdie jaar versoek is om 'n tweede optrede te lewer. Dit was egter ontstellend om te sien hoe daar hierdie keer deur die gehoor gereageer is.**

Dit is wel so dat smaak verskil, maar wat nie van persoon tot persoon behoort te verskil nie, is teateretiket. Die sentrale eetsaal is nou wel nie 'n stadsteater nie, maar die geleentheid was inderdaad baie formeel (meer so as wat mens vandag by die deurslag teateraanbiedings vind) en die uitjouery was in uiterse swak smaak. Niemand kan hulle laat vertel dat so iets gedoen sou word in die Johannesburgse Stadskouburg of by 'n aanbieding soos „Selle ou Storie" nie, (wat volgens my mening nooit eers op die planke moes toegelaat gewees het in 'n land soos Suid-Afrika nie).

In 'n publieke restourant sal niemand 'n baba veroordeel omdat hy kos uitspoeg wat vir hom sleg smaak nie, maar so iets word definitief nie van 'n volwassene verwag nie. Op 'n universiteit het ons reeds die volwasse wêreld betree en daar word van ons verwag om ook op te tree asof ons volwassenes is en nie aan niks gewoond is nie. Niemand kan homself in 'n kokon toespin en sodoende red van die „ sondige wêreld daar buite" nie.

Om mee te begin was die gehoor ver van wat 'n verhoogkunstenaar as 'n ideale gehoor sou beskou. Daar was 'n besliste stywe atmosfeer wat nie tuishoort by so 'n tipe aanbieding nie en dit was ook duidelik dat baie van die fyn humor teen dowe ore vasgeslaan het. Hier kan 'n mens maar net hoop dat dit 'n taalprobleem was en nie 'n gebrek aan algemene kennis nie. Hierdie atmosfeer kan dalk ook toegeskryf word aan die feit dat baie van die eerstejaars te gespanne was in die teenwoordigheid van hul „skiete" vir die aand, maar dit kan nie die algemene indruk wat ons universiteit op die geselskap gemaak het, wegpraat nie.

Die P.U. vir C.H.O. het alreeds 'n reputasie vir sy nougesetheid, maar is dit nodig om op die reputasie voort te bou deur sulke kleinsieligheid en onverbloemde onbeskoftheid?

„Ontevrede".



Oudste Sjert Siljee sit kop onderstebo en luister wat die dolosgooier vir hom te sê het. Hierdie foto is geneem tydens die pappot-samespreking wat by die Karlien-kraal gehou is. (Foto: Johann van Zyl.)

# KAFFERBIER EN POETOEPAP

**AS daar een ding is waaraan daar beslis nie 'n gebrek is vandat 'n nuwe, meer gematigde benadering op die eerstejaars van toepassing is nie, dan is dit oorspronklikheid.**

Moontlik kan hierdie benadering teruggevoer word na die duidelike humanistiese rigting wat die wêreldpolitiek ingeslaan het, bedoelende die byna ylingse vryery na vreedsame naasbestaan, na detênte, na Swart Mag... Ja, selfs die Puk-kampus kon hierdie strydkreet om swart identiteit met die beste wil ter wêreld nie ontkom nie. Vra maar vir die huidige Studenteraad, of andersins die dore van Karlien.

**DOLOSGOOIER**

Toe groot indoena Djohannies Petoories en sy uitverkore groepie oudstes een mooi aand hulle rooi ogies (rooi van die min slaap) uitvee, was hulle deel van 'n sinistêre en onwillekeurige pappot-samespreking. Die ligte was dof, driepootpotjies het sissend op die kole gestaan, êrens, vêr weg, kon die dowwe dreuning van 'n handdrom gehoor word en oral waar die vreesbevange groepie hulle blink oge laat omrol het, was hordes pikswart gesigte wat hulle vyandig aangegluur het.

By sy vuil sakkie dolosse, klossies menshare en rye medisynebotteltjies, het die makabere figuur van die dolosgooier gesit, blink van die vet gesmeer en met bloedbelope skrefiesoë wat niks misgekyk het nie.

„Hôôôô," het hy die oordeel oor die hoofindoena wat aanvanklik pateties inmekaargedruk gesit het, uitgespreek en 'n stukkie pruimtabak met bewonderenswaardige akkuraatheid in 'n leë houertjie laat beland, „hôô..."

Die hoofindoena het 'n ongelooflike groot sluk kafferbier uit die kalbas geneem, die naaste swart vrou nadergeroep om dit vir 'n negende keer te vul en vriendelik vir die toordokters, ekskuus, die toordokter, voor hom geglimlag.

„Djohannies, die dolosse het die groot dêng gepraat," het die gryse toordokters, ekskuus, die toordokter, met 'n stem wat van menige somer getuig het, begin gesels en met sy roofdierasem in die arme man se nek geblaas. „Soos die nuwe djaar kom, djy en djou oudstes gaan die groot plesier hier by die Tarentaal-kraal hê. Die mense hy gaan bly wees met die wyse kies van hulle se groot indoena en ôk die oudstes. Dit gaan die goeie djaar wees..."

**BLÊNK OGE**

Net toe was die pap gaar en die kalbassies mooi-vol en daar was musiek en die oge was weer blênk van al die lekker dinge en die harte was tevrede met die oulikgeit van die dore by die Karlien-kraal en daar was rondspring en lag en sing by die vure en nóg sing en vól kalbassies en oulikgeit en...

Kort anderkant elfuur is die vure by die kraal doodgemaak en die donker het genadiglik oor die hoenders wat tydens die seremonie wakker geword het, toegesak. Hier en daar het 'n verdwaalde hoenderveer in die yl hoëveldluggie stadig afgesak grond toe, nugter alleen weet war dit vandaan gekom het.

# DORPSDRAKE IS TROTS OP PUK

**„Ek gee julle 'n D „..." D!! „..." 'n O „..." O!! „..." 'n R „..." R!! 'n P „..." P!! „Wat gee julle my?" Shhh... Wha!!... DORP!!!"**

Só het ook 1976 se dorpseerstejaars die voorreg gehad om die oriënteringsprogram te volg as 'n „koshuis" met sy eie HK. Byna 100 eerstejaars is gedurende hierdie twee weke tot 'n eenheid in 'n trotse kameraderie saamgesnoer. Saam het hulle swaargekry, saam „afgechop", saam ook die lekker tye deurgemaak. Die afgelope twee weke het beslis 'n onuitwisbare indruk op hierdie eerstejaars van Dorp gelaat!

Op 6 Februarie het almal as losstaande individue by die Puk aangekom; Dorp soveel te meer, want die eerste saamsnoeringselement, nl. om saam in 'n koshuis te wees, is vir die dorpseerstejaars afwesig. Gelukkig het dit nie hier gebly nie: die universiteit het langsamerhand verander van 'n groot, onbekende en dikwels dreigende plek na 'n PUK waar al sy studente één is en betrokkenheid die wagwoord is.

Die eerstejaars is geleer dat om 'n PUK te wees eerste kom — en dan kom Dorp. Balans en perspektief moet, soos bewys is, gehou word. Soos teen hierdie tyd al blyk, het die HK 'n baie verantwoordelike taak — in 'n sin nog 'n belangriker opvoedingstaak: Om van drake en dore PUKKE te maak is beslis nie maklik nie! Die eerstejaars van Dorp hèt gedurende dié tyd die eerste treë op pad na ware PUKKE baie suksesvol geloop, danksy die goeie werk van die HK.

Wie sal daardie eerste aand in die Totiussaal vergeet? „BLIK IN DIE AS!!" „..." „Haai, wat is die Oumeneer wat hier aankom se naam nou weer?" „... Wie is ek?!" Só het het die eerste kennismaking met Oumeneer en nameleer verloop. Die eerste trappies van dinge saam geniet in die studentelewe was vir almal lekker om te klim.

Wat die eerstejaar onmiddellik opgeval het, was die sorg wat almal gedra het om hom/haar by die Puk in te skakel — al was dit later soms moeilik om dié doel in sekere optredes raak te sien. Daar is weliswaar baie moeite vir almal gedoen: die vleisbraai en fliek sal lank onthou word.

Die eerstejaars het beslis deeglik kennis gemaak met die universiteit in al sy fasette en weer eens beleef hoe 'n groot inrigting dit is en hoe 'n groot voorreg dit is om hier te kan studeer. Daar is kennis gemaak met 'n PUK wat 'n trotse tradisie het. Dikwels was die oriënteringsprogram van die aande so uitputtend dat die vaak 'n mens wou-wou oorweldig gedurende oggendvoorligtingslesings!

Tussen die vassuigery in die duikweg en al die raas en praat van die HK se kant oor hoe ons hulle teleurgestel het en wat hy 'n volgende keer 'n meer gemoedelike toon aangeslaan het, het daar tussen die dorpsdrake en -dore 'n baie mooi saamstaangees ontwikkel. Wie sal ooit die indrukwekkende dorpstappie vergeet? Die dorpsdrake het geswel van trots as hulle sien hoe die ander hulle unieke marsjeervorm bewonderend aankyk. Die saam-dinge-doen en aanpak met die HK het 'n wonderlike groepsgees laat ontstaan wat saamwerk baie vergemaklik het. Die saam sport beoefen en saam sweet het ook hiertoe bygedra.

Gedurende die laaste week het die dorpseerstejaars geleer wat dit beteken om niks NIKS te wees en of „af te chop". Daarvoor het die seniors wel deeglik gesorg.

So het almal, blik-in-die-as, seniors leer ken (en hoe!). Die PU-koor en semi-Alabama het gesorg vir 'n baie welkome tydjie so tussen dié swaarkry deur. Tydens 19 Febr. se vleisbraai het baie ouens net bontgestaan om al die Oumeneere se vleis en pap gereed te kry. Weer eens saamstaan!

Vrydag was dié dag! Teen dié tyd was die HK al so-te-sê uitgegooi (omdat hulle die eerstejaars dan so beskerm het teen die seniors). In die Totiussaal was daar 'n redelike mate van chaos. Die geloofwaardigheid van dié „byeenkoms" was redelik hoog, maar die teenwoordigheid van mnr. Piet Kiekies het ongelukkig 'n bietjie afbreuk daaraan gedoen. Die eerstejaars van Dorp is nou geheel en al aan die genade van die seniors oorgelaat. Nadat die HK uitgesmyt is, het 'n lieflike modderbad as verwelkomingsfunksie gevolg en is ons almal verras met 'n handdruk van ons HK-voorsitter. Die gees hierná was wonderlik. Dit het wonderlik gevoel om aanvaar te wees en trots te kan wees om te kan sê jy is van Dorp!

Christof van Vuuren.

# Gebruik jou veiligheidsgordel!

**IN 1971 was daar 8 392 padsterftes in Suid-Afrika. Die syfers het gestyg tot 8 661 in 1973 — 'n onrusbarende opwaartse neiging. In die soeke na 'n maatreël om sterftes en ernstige beserings in padongelukke te bekamp, is die doeltreffendste stremmingsisteem om persoonlike beserings aan voertuig-insittendes te verminder.**

Die sitplekgordel is basis 'n stremmingsisteem teen beserings wat opgedoen kan word in die sogenaamde „tweede botsing", wat plaasvind waar die insittendes bly voortbeweeg nadat die voertuig alreeds in 'n botsing tot stilstand gekom het. Die sitplekgordel bied ook beskerming teen uitslingering wanneer die voertuig omrol en daar gevaar bestaan dat die insittendes onder die wrak vasgedruk kan word.

Statistieke toon dat 'n persoon se kanse om noodlottig beseer te word wanneer hy uitgeslinger word vyf keer groter is as wanneer hy binne die voertuig bly. Om uitslingeringe te voorkom is dan ook die vernaamste funksie van die sitplekgordel. 'n Ontleding gemaak deur die New Yorkse Staatspolisie van 991 noodlottige of ernstige ongelukke, toon dat 59 persent van die persone wat in daardie ongelukke uitgeslinger is, gedood is.

Dit is baie belangrik dat die sitplekgordels verstel sal word na die lengte van die draer, terwyl die band nie oor die skouers moet kan afgly nie. Daar is bepaal dat die stremming op 'n lospassende gordel tweekeer so groot kan wees as op 'n korrekverstelde een. Wanneer 'n sitplekgordel nie gedra word nie is die kanse om in 'n botsing beseer te word ses keer groter as andersins. Sitplekgordels verskaf beskerming vir die kop en bors wat teen die stuurwiel of voorruit kan stamp.

Dit is te alle tye voordelig om 'n sitplekgordel te dra aangesien ongestremde persone noodlottig beseer kan word teen enige spoed, selfs teen so laag as 20 km/h. Die meeste botsings vind ook plaas in beboude gebiede, waar spoedbeperkings geld, binne 'n radius van 40 km van die slagoffers se huise.

Navorsing in die V.S.A. onderneem, toon dat minder as een uit elke 200 voertuie wat in ernstige padongelukke raak, aan die brand slaan of in diep water beland. Selfs dan is die draers van sitplekgordels nog veiliger vanweë die kleiner risiko om hul bewussyn te verloor en gevolglike onvermoë om hulleself te kan red.

Moderne ontwikkelings op die gebied van sitplekgordels, soos die rukstop gordel byvoorbeeld, laat gewone beweging toe en word in 'n kasset opgerol wanneer dit nie in gebruik is nie. 'n Korrekpassende gordel verskaf ondersteuning om skerp draaie, op stamperige paaie en by skielike remming. Dit voorkom ook afmatting en die naarheid waaraan sommige reisigers ly. Sitplekgordels wat gereeld gebruik word maak nie stof bymekaar wat later klere vuilsmeer nie.

Sekere tipes sitplekgordels kan vas en losgegespe word met een hand. Baie meer tyd as wat dit neem om 'n gordel vas of los te gespe kan in 'n hospitaal of in die bed deurgebring word indien beserings in 'n botsing opgedoen word.

Statistieke toon dat die aankoop en installering van sitplekgordels 'n veilige belegging is. 'n Sitplekgordel kan vir 6 jaar goeie diens lewer.

# *Interuniversitêre brokkies*

**TOKKELOKKE OP KOVSIES**

Luidens 'n berig in IRAWA is daar sprake dat die N.G. Kerk 'n kweekskool op die Universiteit van Bloemfontein wil begin. Hierdie voorstel is op die Vrystaatse Sinode van die N.G. Kerk met 'n groot meerderheid aanvaar. Dit sal egter eers deur die Algemene Sinode goedgekeur moet word.

Volgens die Kovsiekoerant sal dit die geledere van die seniorstudente aansienlik versterk.

Daar is selfs begin met die uitbouing van 'n Teologiese Biblioteek.

**STUDENT OP RAAD**

Aan die Universiteit van die Witwatersrand sal dit eersdaags vir 'n student moontlik wees om sitting te hê op die Universiteitsraad. 'n Vakature het op die Raad ontstaan en bepalings vereis dat alleen gegradueerde persone op die Raad verkies kan word — dus ook persone wat nog aan die Universiteit studeer.

Studente se probleme is oral oor maar dieselfde. Een gemeenskaplike knelpunt van dié gemeenskap is klagtes oor kafeteriadienste. Op die Puk is daar lankal 'n behoefte aan meer uitgebreide dienste soos volledige etes, laataand-oopbly of dinge soos pannekoek maak en verkoop ens. Hopelik sal die studentesentrum die leemte uitskakel.

IRAWA kla ook oor hulle kafeteria. Die huidige kafeteria word in 'n koffiekroeg omskep en kom daar skynbaar ook 'n nuwe kafeteria.

Die Universiteit van Pretoria se kafeteria is blykbaar ook nie so doeltreffend nie. Klagtes onder die studente is volop. (So, Pukke, julle hoef nie alleen te voel oor dié saak nie).

# Florna maak weer so!

**OP die 21e November het Florna na Mtanzwini aan die Natalse kus gereis, waar hulle agte dae van ware studentepret geniet het.**

Selfs die enkele ongevalle was nie genoeg om die ontspanne atmosfeer te versteur nie. Die belangrikste kenmerk van die toer was ongetwyfeld die kameraadskaplike gees wat deurgaans geheers het, sodat alles in ware Florna-tradisie soos een man aangepak is. Al die Flornaliete wat saam getoer het, sal kan getuig dat hierdie kamp 'n paar onvergeetlike hoogtepunte opgelewer het. Hier dink 'n mens veral aan die kampkonsert, die twee besoeke aan die hotel se TV-kamer, die lagune-uitstappie en les bes, Adriaan se gewilde radioversoekprogram.

Soos gewoonlik het hierdie kamp sy groentjies gehad en veral hulle het die Florna-gees as iets nuuts en iets wonderlik ervaar. Uit die groentjiegeledere is daar dan ook 'n paar entoesiastiese oud-Florna-liete gewerf.

Op hierdie kamp is daar gespeel, gesing, gelag maar bowe al is daar nuwe vriende gemaak. Wie sal ooit weer vir Didi vergeet, vir Kulu, vir... ja, vir Florna?





# MASSA-BRAAI KRY GROOT AFTREK

**DIE tradisionele vrugtefees is hierdie jaar vervang deur 'n massa-braai wat op die Fanie du Toit aangebied is deur die Kultuurraad.**

Daar het aansienlik meer Pukke by dié geleentheid as by die vorige jare se vrugtefeeste opgedaag. Omdat dit 'n veel groter organisasie vereis het, het daar wel 'n paar tekortkominge voorgekom soos items wat in die verlede deur die eerstejaars gelewer is. Ons dink byvoorbeeld aan die July perdewedren wat verlede jaar se vrugtefees voorafgegaan het en wat groot byval by die Pukke gevind het.

Afgesien hiervan het die byeenkoms tog 'n groot mate van sukses behaal en kan die Pukke in die toekoms uitsien na verdere sulke byeenkomste, wat nie noodwendig slegs aan die begin van elke jaar gehou hoef te word nie.

# CINE-PUK

26 Februarie:
**The Winners.**

3 Maart:
**Fright.**

4 Maart:
**Butch Cassidy and the Sundance Kid.**

5 Maart:
**The Way We Were.**

12 Maart:
**Last of the Red Hot Lovers.**

13 Maart:
**Breakout.**

19 Maart:
**The Dove.**

20 Maart:
**Paul and Michelle.**

26 Maart:
**The Sting.**

27 Maart:
**Bridge on the River Kwai.**

2 April:
**General Idi Amin.**

3 April:
**The Towering Inferno.**

10 April:
**Sunshine.**

12 April:
**Sunshine.**

Al die vertonings begin om 19h30 (7.30nm.) en toegang is 30c.

**HET U AL DIE**
**1976**
**Puk-sakboekie?**

# Ontheffingsdinee

**SATERDAG 21 Februarie — ontheffingsdinee — iets waarna elke dood, draak en ou meneer met verlange vir twee weke lank na uitgesien het.**

Na al die geblik in die as en oefeninge was die ontheffingsdinee voorwaar iets besonders. Vanwaar ek in my hoekie gestaan het, het ek menige door betrap wat verskrik na haar ,vlegsels' gevoel het as een van die prims in haar rigting geloer het.

Om half ses Saterdagaand was almal al buite die Totiussaal gekkaar en het die nekke gerek agter die kandelare wat in die portaal elkeen gul binnegenooi het. Binne was die tafels 'n fees van kaas en wyn, beskuitjies en alles wat 'n mens sommer gou van al die agterstevoor eet laat vergeet het.

Daar is oorgenoeg kans gegee in die saal vir 'n geslaagde kennismaking van hoeveel kinders is julle, wat swôt jy, hoe was die ontgroening vir jou, terwyl Gert Cilliers dit telkens verder aangemoedig het met 'n vriendelike — nog net ,vyf minute mense' dan sal die hooggeplaasdes opdaag van hulle skemerkelkie. Wat in Karlien gehou is.


Die berg het gewag en gewag en toe Mohammed later nie wil kom nie het ons eie Gertjie hulle gaan haal en onder luide toejuiging die saal binne gebring. Die rektor, Prof. Bingle se besielende toespraak het elke eerstejaar laat voel hy is 'n PUK en ook duidelik onder die besef gebring van wat van hom of haar verwag word.

Die vertoning van Four Jacks and a Jill wat in die sentrale eetsaal aangebied is was iets om te onthou. Dit is die tweede keer dat die groep op die PUK optree en na twee optredes sal hulle miskien besef dat die Pukke 'n unieke gehoor is.

Dit is baie jammer dat die eerste helfde van die vertoning ietwat van 'n smakie agtergelaat het, maar die mense wat dit oorleef het, het in die tweede helfde saam met Glenys Lynn en die Jacks hulleself vergeet en hulle aan die wonderlike spel van kleur en ritme oorgegee.

Sy sing met volle oorgawe en niemand kan verhoed dat jy deel van elke noot begin voel het nie. Daar was iets vir elkeen se smaak.

Glenys Lynn het die PUK gevoer van Ipi Tompie tot by Master Jack en weer terug na Timothy. As laaste vergunning het sy spesiaal vir Gert en die ander SSR en HK lede Hossa Hos gesing — ons harte het met 'n punt berge toe getrek. Die Kultuurkomitee kan met reg geluk gewens word met hulle grootste poging — as die jaar so begin gaan hierdie jaar ook vir hulle en vir die hele PUK groot wees.

**Laat ons brein na jou kop toe gaan.**

HP-21 en HP-25, twee van die beste breins op die kampus, waar ook al.

Die HP-21 het alles wat jy verlang, en meer:
• Trig. en log. funksies • Reghoekige/polêre omsetting • Grade/radiane kiesskakelaar • Vaste en wetenskaplike notasie met 10-syferbeeld • Registerrekene.

Die HP-25 is wetenskaplik programmeerbaar. Het al die HP-21 se vermoëns plus baie meer, insluitend statistiese funksies • 8 adresseerbare geheues • Programstappe wat deur die toetsbord geprogrammeer word (prefiksfunksies neem slegs een programstap) • 'n Gratis gebruiksboekie.

Daar's ook nog baie ander redes waarom Hewlett-Packard jou beste keuse is. Hy voel sommer reg en die toetse werk so glad. Die waterdigte (in geval die koffie per ongeluk daarop val) beskermlaag onder die toetsbord. Die baanwerk van goud. En Hewlett-Packard se OPN-stelsel (met 4-vlak-geheuestapel) wat jou help om gevorderde berekenings maklik kaf te draf.

Besoek HP of jou naaste gemagtigde handelaar en toets hom met jou eie hande.

**Elke antwoord is op die kop**
HEWLETT hp PACKARD

Gemagtigde handelaars in alle Sentrums.

Greenwood 1660/A

# Koshuıskos

## BREEK WEG NA DORPDAMES

**„JY kan bly soos jy is vir die res van jou lewe of jy kan wegbreek na Dorp". Met hierdie woorde het die Dorpdore seker gemaak dat almal geweet het hulle is op die kampus. Ja, vir menig een was dit 'n groot skok toe hulle uitgevind het dat daar wel dore in Dorp is. Ons gaan egter sorg dat daar nie gou van ons vergeet word nie.**

Die jaar het vol begin met 35 dore wat heel verras was toe hulle sien dat hulle ook 'n HK het. Die dore het pragtig gelyk met hul doreklere en verder verseker dat almal weet hulle is van Dorp.

Die intertee met Makouvlei was groot. Daardie koek was iets om van te droom. Daarna volg die SR-onthaal. Ai, nog nooit het ek sulke stout kleuters in 'n klas gesien nie. Die eerstejaars is nou nog sprakeloos oor die stout menere van die kampus.

En die val toe die seniors kom! Vinnig en regaf. Hulle het net begin dink dat die kampus aan hulle behoort toe die seniors hulle vriendelik dog ferm kom wakker skud het.

Die inter-tandeborsel met Thaba Jäh sal die dore seker nie gou vergeet nie. Ek is seker die drake weet wat skoon tande is!

Vrydagaand het goed verloop. Eers was dit swaarkry, maar na swaarkry kom lekker kry en dit was gewis die geval. Die marsmallowbraai sal lank deur die dore onthou word.

En nou? Nou lê die jaar oop vir die eerstejaars om daarvan te maak wat hulle wil. Die hennedinee lê om die draai en dan sal ons sien hoe die dames laat waai.



Vergeet-My-Nie se huiskomitee wat die Doreliedkompetisie gewen het. (Foto: Fotokuns).

## Oosterhof sê dankie aan eerstejaars

**ORIENTERING was 'n fees vir die dore(?) sowel as die oudames. Ná twee weke se inburgering het hulle heel anders daaruit gesien as daardie eerste dag.**

Van die oriëntering kan veel gesê word. Die dore het al die interaksies geniet. Want raai — nie minder as drie interaksies oor een naweek nie. Die dore was ook heel ingenome met die drake van Caput wat met 'n „ligte drukkie" van hulle afskeid geneem het.

Die feestelike stemming het spoedig verdonker deur die insluiping van 'n kiem. Die kiem was vir menige in Klawer- en Oosterhof 'n steurnis tot in die vroeë oggendure — want wie kan nou slaap met maagkrampe en kouekoors? Gelukkig vir ons het apteekster Chrisita ons gou reggedokter.

Met die aankoms van die seniors het elke door haar dorenaam eers werklik verwelkom. „Hoekom door Bollie Marê?" „Ek is mal oor Bollie en Sarie Marais. Veral Bollie".

Gedurende die vakansie het die karaatwaarde van O'hof ook verhoog. Baie geluk, Reinette.

Oriëntering se hoogtepunt was seer sekerlik prof. Schalk se hartroerende toespraak toe hy die HK uitgeskop het. Die eerstejaars was so aangedaan. . 'n Groot makietie deur die einde. 'n Mens herken die dore skaars, en die akademie is net tweedejaars het natuurlik die aand afgerond.

Aan alle goeie dinge kom 'n so onherkenbaar(!) Iets aan die eerstejaars: Die HK sê dankie vir die angeliere!

Oostergroete.





## KULU SE DORE

**MET die aankoms hier het die malende massa ons arme eerstejaars heeltemal verwar. Ons het gevoel soos standerd sessies wat hulle klaskamer en hulleself tussen almal en alles wil soek.**

Ons het vol moed ons registrasiegeld betaal en met soveel moet na die koshuis gaan soek. Daar aangekom het die HK ons vriendelik ingewag.

Die bagasie is die kamers ingedra en ma het gou gehelp om die tasse uit te pak. Na die Rektor se toespraak is daar met groot hartseer afskeid geneem.

Die veriatenheid op die gesigte van die dore het boekdele gespreek. Eensklaps was alle vriendelik weg en moes ons met 'n hardeslag met die sagte kante van ons lywe met die sitkamermat kennis maak.

Vinnig is daar begin woeker om van die dore se matriekkompleks ontsiae te raak. Dit was harevleg en blik-in-die-as en ou dames se name leer vir twee weke lank.

Gou was ons senuwees gedaan. Na die koms van die seniors was die HK die toevlugoord van die dore.

Die aand van die ontheffing was daar groot drama. Met 'n eier teen die kop en duiwelsdrek in die hare is afskeid geneem van die „mooi" woordjie door. Nou kan ons net vorentoe kyk en ware Pukke word.



Hoofindoeпua Djohannies Petoories en onder-hoofindoena Teens Ilof besig om iets soos 'n vredespyp te rook. Presies dieselfde, net bietjie anders... (Foto: Johann van Zyl.)

## THABA-JÄH VERENIG

**DIE aandeel van die „Berg van die skones" om die eens rustig, koel-kalme, kampus in 'n krioelende, wriemelende miernes te omskep, is onmiskenbaar.**

Die welkome seniors het hul bekwaamhede en vaardighede met groot sukses aangewend om „sluipende drake" op die „Berg van die skones" te laat emigreer en te laat inburger. Uit betroubare bronne (in samewerking met ons plaaslike geheime-agent) word verneem dat daar nou 'n gees van samehorigheid heers, na die aanvanklike „onenigheid" en „tweespalt" tussen die H.K. en die seniors.

Sosiale aksie is volgens tradisie hierdie jaar weer 'n gunsteling bo die akademiese. Die gunsteling op sosiale front is . . . is . . . ? Miskien moet ons net eers seker maak by Mader en Fanus!

'n Belangrike en waardevolle toevoeging tot die organisasie en administrasie van Thaba-Jäh is 'n tweede swart ampsmotor. Daar word nou met groot respek gepraat van die jare „fifty-nine" en „sixty-one". Alle voornemende chauffeurs, kontak asseblief „Apostel".

Deesdae is die gesogste professie ook die van stoker. Geen wonder dat elke verbygaande lokomotief nou gesalueer moet word nie. Met die gestook vanuit alle oorde, word die „Berg 1976" 'n gelyke vlakte vir die Thaba-Jäh-trein.

## NUUSBROI ES

- Verskeie dosente het die somervakansie oorsee getoer. Prof. Muller Ballot, hoof van die departement Kunsgeskiedenis en Beeldende Kunste, was in Europa, waar hy onder meer reëlings getref het vir 'n navorsingstoer later vanjaar.

- Dr. D. P. Venter van die departement Farmakologie het die Buhringer-Ingelheimbeurs van die Suid-Afrikaanse Farmakologiese Vereniging verower, waarmee hy later vanjaar na Duitsland gaan vir gevorderde studie.

- Prof. Johan Offermeier, hoof van die departement Farmakologie, gaan in Februarie as gasdosent na die Universiteit van Kaapstad en in Mei na Wits, waar hy verskeie lesings sal lewer. Prof. R. W. Charlton van Wits is in Augustus die Ethnor-gasprofessor aan die P.U.

- Prof. B. Potgieter van die departement Farmakologie aan die P.U., wat nou besig is met akademiese hulpverlening aan die Universiteit van die Noorde, het bedank en 'n professoraat in Farmakologie aan die Universiteit Rhodes aanvaar.

- Dr. Pieter de Klerk van die departement Geskiedenis het in die Verre Ooste rondgekuier. Hy was ook in Tahiti, Fiji, Samoa en ander Suidsee-eilande, waar hy verskeie interessante ontdekkings gemaak het.

- Die gewone jaarkursus in tersiêre onderwys wat deur die departement Tersiêre Didaktiek vir nuwe dosente aangebied word, is vanjaar in die vorm van 'n intensiewe, kort kursus van 2 tot 11 Februarie aangebied. Dié kursus dek essensiële en hoofsaaklik praktiese aspekte van die universiteitsdidaktiek. Daar was nagenoeg 70 inskrywings.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

# Simposium

**SPORT as lewenstyl en sportleierskap was twee van die hoofbesprekingspunte tydens die Sportsimposium wat op 14 Februarie 1976 gehou is. Die simposium is aangebied deur die PU-Sportinstituut in samewerking met die Studentesportraad vir die besture van die verskillende sportklubs aan die Universiteit.**

Mnr. Piet Malan, Direkteur van die Sportinstituut, het as voorsitter opgetree. Prof. W. N. Coetzee, voorsitter van die Beheerkomitee van die Sportinstituut en prof. Tjaart van der Walt het die sportleiers toegespreek.

Prof. Coetzee het beklemtoon dat sport meer is as blote ontspanning en dat daarby die element van prestasie ingesluit is. Hy het sport as 'n lewenstyl beskryf wat as sulks die mens se lewe en karakte rig en bepaal. Fisiese fiksheid moet uit selfdissipline na vore kom en daarmee saam vorm motivering die basis vir onontbeerlike selfvertroue. Organisasie is weer nodig om prestasie moontlik te maak. Sport, kan, volgens prof. Coetzee, groot kameraderie kweek.

Prof. Tjaart van der Walt het die simposium toegespreek met betrekking tot leierskap op sportgebied. Prof. Van der Walt het tien eienskappe waaroor 'n leier moet beskik, daargestel. Hy moet ook 'n noue band met sy volgelinge behou. Daar moet tyd gemaak word om te oordink sodat die leier te alle tye voorbereid is en hy moet in sy taak glo ten einde ook te kan motiveer. Hy moet sy sport dien deur dit aan die massa te verkoop en hy moet konkrete mikpunte stel wat hy wil bereik. Ten einde dit te kan doen moet hy nie alles op eie stoom probeer doen nie, maar moet hy sy gedagtes met ander deel. Besluite moet uitgevoer word, maar die leier moet nie meer van ander verwag as wat hyself kan doen nie. Geestelike oefening is ten slotte ook nodig ten einde ware sukses te behaal.

Uit die bespreking wat op die referate gevolg het, het daar vrugbare wenke na vore gekom. Die gedagte het ontstaan dat daar in elke koshuis vir elke afsonderlike sportsoort 'n verteenwoordiger aangewys moet word. Voorts is die probleem bespreek dat naweeksport in die slag bly as gevolg van die feit dat studente die naweke huis toe gaan. Die vraag is gevra of een naweek in die maand nie afgesonder moet word sodat die studente dan kan huis toe gaan nie, sodat sport gedurende ander naweke tot sy reg sal kom.

Almal wat die simposium bygewoon het, was dit eens dat daar heelwat stof gevind is waarop 'n suksesvolle sportjaar gebou kan word.

# Dore-Drake atletiek

**DIE eerstejaars-atletiekbyeenkoms wat op 14 Februarie op die Fanie du Toit-sportterrein plaasgevind het, het getoon dat die Puk vanjaar weer sy stem sal kan dik maak met Dalrymple.**

In die naellope vir mans, het Michael Agathagalou koning gekraai met 11,1 sek. in die 100 m en 22,7 in die 200m. Hy het ook die 400m gewen in 51,1s en die verspring met 'n afstand van 6,84m, wat 'n rekord is. Ricardo Klitzke was tweede in die 100m met 'n tyd van 11,6s, tweede in die verspring met 'n afstand van 6,16m. Hy het die 110m hekkies met 'n tyd van 15,8s gewen en die 400m hekkies in 58,0s.

Alta Stander het 'n vierkuns behaal deur die 100m in 12,9s, die 200m in 20,5s, die 400m in 58,1, wat 'n rekord was en die 800m in 2.20,5. A. Blom van Klawerhof het die skryfwerp met 'n afstand van 37,58m en die gewigstoot met 10,71m gewen. Estie Robbertse het die spiesgooi rekord oortref met 40,62m en die hoogspring gewen met 'n hoogte van 1,54m.

Klawerhof het die damesafdeling gewen met 'n puntestand van 87 en Kaput die mansafdeling met 108½ punte.

Hier volg die finale puntestand:

Dames:

| | |
|---|---|
| Klawerhof | 87 |
| Vergeet my nie | 37 |
| Oosterhof en Soetdorings | 29 |
| Kasteel | 21 |
| Heide | 19 |
| Wag 'n bietjie | 19 |
| Karlien | 18 |
| De Klerkhuis en Dorp | 17 |
| Fort Wanda | 16 |

Mans:

| | |
|---|---|
| Kaput | 108½ |
| Hombre | 83 |
| Dorp | 57½ |
| Dawie Dup | 45½ |
| Johannes van Rooy | 35 |
| Kompleks | 34 |
| Klooster | 30½ |



BO: Alta Stander, een van die vinnige nuwe PUKKE.



REGS: Michael Agathagalou, eerstejaar, wat uitgeblink het in die naellope.



LINKS: Prof. W. N. Coetzee, voorsitter van die beheerkomitee van die Sportinstituut.



Henning van Wyk van OVERDE-VOOR wat die 800 meter met 'n goeie tyd gewen het.

# GOEIE UITSLAE VIR PUKKE

**WOENSDAGAAND 18 Februarie is die Puk-atlete 'n geleentheid gebied om in die kompetisie-atmosfeer te kom na die lang vakansie.**

Die 4 x 100 m mans aflosspan van die Puk het 'n goeie tyd van 42,1 sek. opgestel. Willie Smit het sy 100 m in 10,6 gewen en die 200 m in 'n goeie tyd van 21,6 sek. Nollie Meintjies het in die 3000 m gewen met 'n tyd van 8.45,6 sek. en het daarmee gekwalifiseer vir die S.A. Junior Kampioenskappe. Dawie Malan het in die paalspring 'n mooi hoogte van 4,48 m behaal.

In die 400 m vir vroue het Alta Stander 56,0 sek. gehardloop. Wilna Fondse het in die skyfwerp 40,12 m gegooi en die gewigstoot 12,28 m gehaal.

Hier volg die uitslae van die hoogtepunte van die byeenkoms:

**MANS:**

100 m Willie Smit 10,6
Michael Agathagalou
200 m Millie Smit 21,6
Tommy Ferreira 22,5
Willem Kruger 22,5
800 m Koos de Wet 1.58,3
1500 m J. van Ellewee 4,02
3000 m stap Piet Meyer 12.57,6
Skyfwerp Piet Goosen 56,62 m
Gewigstoot Piet Goosen 15,49 m

**DAMES:**

100 m Cathy Hough 12,4
Hester Gunther 12,9
200 m Cathy Hough 25,6
Hester Gunther 26,2
400 m Alta Stander 56,0
800 m Louise van Biljon 2.16,6
Hoogspring Kitty Coetsee 1,54 m
Skyfwerp Wilna Fondse 40,12 m
Gewigstoot Wilna Fondse 12,28 m
Verspring Jorina Gunther 5,36 m

AS U NOG NIE DIE 1976 PUK-SAKBOEKIE HET NIE, MIS U IETS GROOTS

# GROEIENDE SPORTSOORT

**MUURBAL is besig om 'n groeiende reus te word onder die gesogte sportsoorte in Suid-Afrika. Die groot belangstelling van 1976 se eerstejaars aan die Puk is bewys hiervan. Gedurende 1975 het net 'n handjievol eerstejaarstudente by die klub aangesluit, terwyl daar vanjaar sowat 60 is wat belangstel.**

Verlede jaar was die ledetal van die muurbalklub 302. Aangesien daar egter net twee bane beskikbaar is en die sportsentrum eers oor twee jaar voltooi sal word, moet die ledetal vanjaar beperk word tot 180. Die Muurbalkomitee het by monde van mnr. Ulyate hiervoor apologie aangeteken.

Die rede vir hierdie stap is as volg: Die speeltyd is van 6 vm. tot middernag, ses dae per week. Vir 180 lede sal daar dus slegs genoeg tyd ingeruim kan word om twee maal per week te speel.

Dit is nou afgesien van die vyf spanne in die liga, koshuiswedstryde en die Wes-Transvaal ligawedstryde wat op die Puk se bane plaasvind.

Sosiale lede sal tot 'n halfuur speeltyd beperk word en aktiewe lede wat onder andere vir die koshuis speel, tot 45 minute. Daar sal ook net sekere dae en op spesifieke tye gespeel kan word.

# *KRIEKET*

**NA die eerste rondte in die Scorgie-liga, is die Puk se eerste krieketspan voor op die punteleer met 38 punte, gevolg deur Strathvaal met 28 punte.**

In hul wedstryd teen Stilfontein, het die Pukke slegs een keer gekolf en daarna hul teenstaanders twee keer pawiljoen-toe gestuur om 'n klinkende oorwinning van 'n beurt en 99 lopies te behaal.

PUK 1: Eerste beurt 218 almal uit.

Stilfontein: Eerste beurt 55. Tweede beurt 64.

Boulontleding: Lindenberg 9 vir 35; Van Heerden 7 vir 37; Van Jaarsveld 3 vir 25.

Ten Dorp het PUK 1 verlede naweek goed afgesit en 202 lopies opgestapel, waarvan Lindenberg 54 bygedra het. Die Pukke het vroeg in Dorp se beurt toegeslaan en teen uitskeityd was Dorp effens in die moeilikheid met twee paaltjies plat vir 33 lopies.

Met twee wedstryde oor in die tweede rondte het PUK 1 sy voorsprong op die punteleer vergroot en het nou 46 punte, dertien punte oor Strathvaal wat tweede lê.

In teenstelling met die eerste span, het PUK 11 bietjie swaar gekry en lê nou sewende op die punteleer met sewentien punte.

In die wedstryd teen Vaal Reefs het PUK 11 hul teenstaanders vir 72 lopies uitgehaal en geantwoord met 130 lopies, wat aan hulle 'n nuttige voorsprong gegee het. In die PUK-beurt was Welman en Du Plooy die steunpilare met 44 lopies elk.

Vaal Reefs het sy tweede beurt op 154 lopies verklaar met nog twee paaltjies staande. PUK II het met 37 vir 3 geantwoord en die wedstryd beklink op hul eerstebeurt voorsprong.

Koop nou die 1976 SAKBOEKIE by die S.SR.-kantoor — Voorkom teleurstelling